
# 187 Hou U my hand, ek is so swak, so hulp'loos




Hou U my hand, en trek my daagliks nader,
ja, nader by uself, my hoop, my al!
Hou U my hand, sodat ek nimmer dwaal nie,
en as ek struikel, laat my tog nie val.

Hou U my hand, die pad is steil en donker,
totdat u godd'lik lig rys voor my oog!
En as ek deur geloof die glans gewaar word,
dan styg 'n loflied uit my hart omhoog.

Hou U my hand by daardie donker water,
die doodsrivier, deur U oorbrug vir my;
tot eens my siel in hemelvreugde jubel:
U sterke hand het veilig deurgelei!

Onbekend H.P. Main (1830-1925)